Laerskool Vaalrivier

ONS EREKODE

Ons glo in God en Sy beskikking oor die lot van mense en nasies.

Ons glo dat diens, stryd en harde werk in gelowige gehoorsaamheid, tot oorwinning lei.

Ons glo dat kennis mag is.

Ons streef na die hoogste staat van ontwikkeling, tot eer van God, tot diens van ons naaste en tot welsyn van ons Republiek, Suid-Afrika.

Ons godsdiens, ons taal en ons tradisies is vir ons kosbaar en ons bou daarop voort.

Ons dien ons skool getrou en handhaaf sy goeie naam, met woord en met daad.

Ons is gehoorsaam aan ons onderwysers, ouers en meerderes, en hoflik teenoor alle mense.

Ons streef daarna om waarheidliewend en eerlik te wees.

Ons bestry alle slegte gewoontes.

Ons help om die laste van ander te dra.

Ons onderneem om ons skoolterrein, ons omgewing en land skoon en netjies te hou.